# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10 - VRAESTEL 1**

**JUNIE-EKSAMEN - 2022**

**Punte: 80** **Tyd: 2 Uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Leesbegrip** | **[30]** |
| **AFDELING B:** | **Opsomming** | **[10]** |
| **AFDELING C:** | **Taal** | **[40]** |

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

4. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

5. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

6. **Voorgestelde tydsindeling:**

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** | **50 minute** |
| **AFDELING B:** | **30 minute** |
| **AFDELING C:** | **40 minute** |

7. **Skryf netjies en leesbaar.**

**STERKTE!!**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### TEKS A : ARTIKEL

Lees die artikel hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.

# Leerder se gidshond pronk met erebalkie




1. In die gange van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria word Leila Dürr (18) in 'n rolstoel deur een van haar maats gestoot en langs haar loop haar geliefde hond, Sakura. Leila ly aan 'n seldsame siekte wat progressiewe senuweestelselskade en bewegingskade veroorsaak en Sakura is dié matrikulant se konstante hulp.

2. Ná twee jaar ken leerders al dié swart Labrador met haar rooi gidshondjassie. Hulle is nie bang om in die gange te stop en haar 'n vryfie op die kop te gee nie. Sy is gaande daaroor omdat sy 'n aandagvraat van nature is, lag Leila.

3. Sakura ('n Japanse naam wat *cherry blossom beteken)* het vanjaar bekend geword omdat sy einde verlede jaar erekleure ontvang het vir twee jaar lange goeie dienslewering by die skool. Sy is die eerste hond om erekleure by dié bekende skool te ontvang.



4. "Almal by die skool het gevoel Sakura kort 'n balkie, want sy is 'n Affie en het al twee jaar lank goeie diens gelewer," vertel Leila trots.

5. Leila het Sakura twee jaar gelede by die Gidshondvereniging gekry. Sy was sowat drie jaar lank op die vereniging se waglys vir 'n gidshond. "Dit was 'n proses voordat ek vir Sakura kon kry. Die vereniging moes eers 'n onderhoud doen om vas te stel wat my behoeftes is en watter hond by my sal pas." Dit is dadelik duidelik dat Leila en Sakura 'n

baie hegte band het. “Sy is familie, en ek kan nie sonder haar nie en sy kan nie sonder my nie.”

6. Leila is op die ouderdom van 12 jaar met Friedreich se ataksie gediagnoseer. Die toestand kan pasiënte se spraak, koördinasie en beweging beïnvloed. Leila se broer wat in graad 10 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool is, is ook met dieselfde toestand gediagnoseer.

7. Toe Leila op laerskool was, het sy begin agterkom dat haar balans en koördinasie nie is wat dit moet wees nie. “Ek het ook graag gedans en moes dit later los omdat ek só erg met my balans gesukkel het.”

8. Leila leef haar lewe so normaal moontlik. Vir haar is die lang skoolure die moeilikste omdat sy baie gou moeg word en dan sukkel om te konsentreer.

9. Sakura is Leila se regterhand. Sy help haar om voorwerpe op te tel en deure oop te maak. Sy hou haar ook dagin en daguit geselskap.

10. Sakura het as klein hondjie die basiese gidshondopleiding ondergaan. Sy is onder meer opgelei om te blaf wanneer Leila haar vra om te gaan “praat”. Só roep sy iemand as Leila hulp nodig het of geval het. Leila vertel dat Sakura se persoonlikheid heeltemal verander wanneer sy haar dienshondjassie uittrek. “Dan is sy net ‘n hond. Sy is energiek en spelerig. Wanneer sy haar jassie aanhet, is sy aan diens en help my waar sy kan.”

11. Sakura sal gedurende klastyd slaap en is baie rustig in die skoolomgewing. “Almal is mal oor haar.” Sy hanteer ook die volgepakte gange goed wanneer Leila klasse ruil. “Sy is opgelei om situasies met baie mense te kan hanteer.”

12. Leila wil na skool kursusse in sosiale bemarking doen. Sy wil ook vrywillige werk by die Wollies-diereskuiling in Pretoria-Noord doen. Verder maak sy en haar ma oorbelle wat hulle by die boeremark verkoop.



13. "Ek sal nie toelaat dat my toestand my terughou nie.  Ek probeer om elke dag positief te bly. Sakura maak dinge ook baie makliker vir my."

**(Anja van der Merwe, Maroela Media, 5 Maart 2022]**

**VRAE:**

1.1 Waarom is hierdie artikel geskryf?
Haal 4 opeenvolgende woorde uit die titel as antwoord aan. [1]

1.2 Leila is in graad twaalf.
Haal EEN woord aan wat bogenoemde stelling bewys. [1]

1.3 Haal **DRIE opeenvolgende** woorde in paragraaf 1 aan wat vir jou sê waarom die volgende stelling **ONWAAR** is.

Leila Dürr loop deur die gange van die skool. [1]

1.4 Watter ras hond is Sakura?
Skryf **EEN** woord as antwoord neer. [1]

1.5 Kies die korrekte antwoord.  Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Sakura is 'n "aandagvraat" beteken dat sy

A. nie baie van aandag hou nie.
B. baie daarvan hou as mense haar vryf.
C. baie vraatsig is.
D. 'n gidshond is. [1]

1.6 "Sy is die eerste hond om erekleure by dié bekende skool te ontvang."

Wat is die naam van dié skool? [1]

1.7 Hoe lank moes Leila vir Sakura wag?
Haal **VIER opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.8 Waarom moes Leila eers vir 'n onderhoud gaan voordat sy Sakura kon kry.
Gee **TWEE** redes.  [paragraaf 5] [2]

1.9 Watter seldame siekte het Leila?  Gee net die naam. [1]

1.10 Hoe weet ons dat Leila nie 'n enkelkind is nie?
Haal 'n **frase van DRIE woorde** as antwoord aan. [1]

1.11 Kies uit **KOLOM B** die woord wat by die sin in **KOLOM A** pas.
Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Die aktiwiteit wat Leila nie meer kan doen nie. | A. Sakura |
| 1.11.2 C*herry blossom* | B. Joernalis |
| 1.11.3 Die organisasie waarvandaan Sakura kom. | C. Friedreich |
| 1.11.4 Anja van der Merwe | D. Gidshondvereniging |
| | E. Dans |

[4]

1.12 Watter **TWEE** dinge het Leila op Laerskool agtergekom is nie meer wat die moet wees nie?
Haal **TWEE APARTE** woorde as antwoord aan. [2]

1.13 Wat is vir Leila die moeilikste om by die skool te hanteer? [1]

1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

"Sakura is Leila se regterhand" beteken dat Sakura

A. vir Leila met byna alles help.
B. vir Leila wat net 'n regterhand het, soms help.
C. en Leila graag aan die regterkant van die strate loop.
D. net vir Leila by die skool help. [1]

1.15 Wat doen Sakura wanneer Leila haar vra om te "praat"? [1]

1.16 Hoekom, dink jy, verander Sakura se persoonlikheid wanneer haar dienshondjassie uitgetrek word? [1]

1.17 Kies die korrekte antwoord tussen die hakies en skryf dit neer.

"Sy hanteer ook die volgepakte gange goed wanneer Leila klasse ruil." [Paragraaf 11]


Bogenoemde stelling sê vir ons dat Leila [ nie die hele dag in een klas sit nie / gewoonlik met Sakura in een klas sit]. [1]

1.18 Wat verkoop Leila en haar ma by die boeremark? Skryf **EEN** woord neer. [1]

1.19 Wanneer is hierdie artikel geskryf? Skryf die volle datum uit. [1]
**[24]**

**STATESTIEK**

**TEKS B**




1.20 Watter ouderdomsgroep is in hierdie statistieke gebruik? [1]

1.21 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die woorde "droewige prentjie" in die inleidingsparagraaf sê vir ons dat van ons land se kinders

A. In moeilike en hartseer omstandighede bly.
B. Baie droogtes ervaar.
C. Gesond en gelukkig is.
D. Maandeliks baie geld van die regering ontvang. [1]

1.22 Watter persentasie van die kinders se ouers woon nog saam met mekaar? [1]

1.23 Watter persentasie van die kinders woon by 'n werkende volwassene? [1]

1.24 Hoeveel miljoen kinders woon in plakkerskampe? [1]

1.25 Wie het "Statistieke Suid-Afrika" gebruik om bogenoemde statistieke op te stel? [1]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

INSTRUKSIES

- In die stuk is sewe wenke om jou yskaskos vars te hou.
- som die SEWE feite in 70 of minder woorde op.
- Skryf jou feite puntsgewys neer.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

**TEKS C**

### Wenke om yskaskos vars te hou

1. Bêre kos op die regte rak om dit langer te laat hou. Die rede hiervoor is dat jou yskas verskillende temperature het. Vind uit watter rak vir watter tipe kos die beste werk.

2. Die ideale temperatuur is tussen 1 °C en 5 °C. Verskillende temperature bederf kos die vinnigste. Hou die temperatuur in jou yskas konstant deur dit gereeld te monitor.

3. Moenie jou yskasdeur gereeld oopmaak nie. Hoe meer jy 'n yskasdeur oopmaak, hoe meer koue lug ontsnap en dit veroorsaak dat vleis en groente aan die warm temperatuur buite blootgestel word. Maak seker jy haal alles wat jy gaan nodig hê op een slag uit.

4. Dit is belangrik om jou yskas gereeld skoon te maak omdat dit keer dat kos afgaan. As jy iets binne-in die yskas gemors het, maak dit dadelik skoon.

5. Stoor kos in die oorspronklike verpakking. Vleis, vis, pluimvee en suiwelprodukte veral, moet in winkelverpakking bly tot op die dag wanneer dit gaargemaak word.

6. Stoor alle oorskietkos in deurskynende houers sodat jy maklik kan sien watter kos daarin is en of dit nog vars is of nie.

7. Om kos vir so lank as moontlik vars te hou, moet jy 'n yskas kry wat reg werk. As kos altyd voor die vervaldatum afgaan, moet jy dalk 'n nuwe yskas koop.

[Verwerk uit Huisgenoot: Maandag 25 Augustus 2016; Michelle Nortjé]


**TOTAAL VIR AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

Die taalvrae wat volg is op die advertensie gebaseer




3.1 Hoe weet ons dat hierdie boek tweetalig is? [1]

3.2 Bestudeer weer die advertensie.

3.2.1 Waaroor handel die boek? [1]
3.2.2 Hoe kon jy dit dadelik sien? [1]

3.3 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die een meisie se hande is in haar hare. [1]

3.4 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Daar is baie hartseer mense in die wêreld. [1]

3.5 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die seuntjie sal die nuus vertel. [1]

3.6 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Almal moet hulle hande was. Die corona-getalle is hoog. [omdat] [1]

3.7 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Die seuntjie het ‘n sakdoek in sy hand. [1]

3.8 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Die nuusleser sê: "Die hospitale is vol siek mense." [1]

3.9 Gee 'n aanvaarbare rede waarom die mense op die boek se voorblad huil. [1]
**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

- Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E




4.1 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die onderwyser het elke dag die leerlinge in die klas gehou. [1]

4.2 Skryf net die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies neer.

Die kinders in die gang nies [baie hard]. [1]

4.3 Kies die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** tussen die hakies.

Die vrou [wat/wie] met haar hande in die hare staan, is die onderwyseres. [1]

4.4 Skryf net die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies neer.

Die een seun is my klein [neef]. [1]

4.5 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die skoolhoof luister eers na die onderwyseres, dan skryf hy 'n verslag. [1]

4.6 Skryf net die **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen hakies neer.

Die [goed] raad is om jou masker te dra. [1]

4.7 Kies die korrekte **VOORSETSEL** tussen die hakies en skryf dit neer.

Die skoolklok sal [om / by / met] agtuur lui. [1]

4.8 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Nies asseblief! [1]

4.9 Skryf net die **AFKORTING** van die woorde tussen die hakies neer.

Die skool gaan [as gevolg van] Covid sluit. [1]

4.10 Voltooi die volgende **VERGELYKING** en skryf dit neer.

Die medisye is so bitter soos... [1]
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel en prent hieronder gebaseer.
- Daar mag opsetlike foute in die artikel voorkom.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS F: Artikel

My kat het 'n deftige Franse naam: Honoré de Balzac, maar ons noem hom sommer Kat.5.1 (Kat sal die hond in die tuin jaag). Kat was een van baie 5.2 (kat) op die plaas. Al my troeteldiere is 5.3 (baie skoon) en ek bad hulle gereeld. In die aand, terwyl ek sit en skryf, slaap hy op die lessenaar naby die rekenaar en snags slaap hy op die bed.

Wanneer ek in die tuin stap, stap hy saam. 5.5 ( Die buurman vra sy vrou: " Waar het jy die kat gekoop?) Soms gaan stap ons in die 5.6 (str.) 5.7 ( Kat / elke Maandag / in die kombuis / eet / sy groente)

5.8 (Kat is nog baie jonk). 5.9 (Kat is 'n mannetjieskat en hou daarvan om ... pote te lek).

5.10 (Hy hou van Oats met melk en suiker). Maar moenie vir hom 'n muis wys nie.5.11( Kat hou niks ... muise nie!)

| |
|---|
| Daar is 'n tafeltennisballetjie in die huis. 5.12 (ek skree vang die balletjie] 5.13 (Kat duik op die balletjie af.) Hy geniet dit baie. 5.14 (Kat sit dan met die balletjie in sy bek en is so trots soos 'n ...) |

5.1 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Kat jaag die hond in die tuin. [1]

5.2 Skryf net die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies neer.

Kat was een van baie [kat] op die plaas. [1]

5.3 Skryf net die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies neer.

Al my troeteldiere is [baie skoon] en ek bad hulle gereeld. [1]

5.4 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

In die aand sit ek en skryf briewe. Kat lê op my bed en slaap. [en] [1]

5.5 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Die buurman vra die vrou: "Het jy die kat gekoop?" [1]

5.6 Skryf die **AFKORTING** tussen die hakies in woorde uit.

Soms gaan stap ons in die [str.] [1]

5.7 Verbeter die **WOORDORDE** in die volgende sin en skryf dit neer.

Kat / elke Maandag / in die kombuis / eet / sy groente [1]

5.8 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Kat is nog baie jonk. [1]

5.9 Kies die korrekte **VOORNAAMWOORDE** tussen die hakies en skryf dit neer.

Kat is 'n mannetjieskat en hou daarvan om [hy, sy, hom] pote te lek. [1]

5.10 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE** TYD oor.

Hy hou van Oats met melk en suiker. [1]

5.11 Skryf net die korrekte **VOORSETSEL** neer.

Kat hou niks...muise nie. [1]

5.12 Skryf die volgende sin oor met die korrekte **LEESTEKENS**.

die vrou skree vang die balletjie [1]

5.13 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Kat duik op die balletjie af. [1]

5.14 Voltooi die volgende **VERGELYKING** en skryf dit neer.

Kat sit dan met die balletjie in sy bek en is so trots soos 'n ... [1]

**TEKS G: Prent**



5.15 Skryf net die **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen hakies neer.

Die melkskommels is [koud] as die koeldranke. [1]

5.16 Kies die korrekte **SPELLING** van die woorde tussen die hakies en skryf die neer.

Die gaste kyk na die [spyskarte, spyskaarte, spys-kaarte] voordat hulle bestel. [1]

5.17. Waarom sal die een meisie haar hand opsteek? [1]

5.18 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** neer.
Die mense het die kos geniet. [1]

5.19 Skryf die **VERKLEINING** van die woord tussen die hakies neer.

Die een klein [boom] in die hoek gaan groter word. [1]

5.20 Wat bestel jy graag as julle gaan uiteet? [1]
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**